



Kinderboektoekennings 2024

Storieleesfees! REGLEMENT

1. Doelstelling

Die ATKV-Kinderboektoekennings word jaarliks aangebied om die gewildste Afrikaanse kinderboeke te bekroon wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verskyn het. Die boeke wat vir die Kinderboektoekennings in aanmerking kom, word deur kinders beoordeel. Die ATKV-Kinderboektoekennings is daarop gerig om kinders te laat lees en om sodoende die verkoop van Afrikaanse kinderboeke aan te moedig. Verder poog die ATKV om deur middel van hierdie projek 'n aanduiding aan skrywers, uitgewers en illustreerders te gee van watter soort boeke kinders werklik hou. Terselfdertyd word erkenning verleen aan skrywers, uitgewers en illustreerders vir hul toegewyde werk.

2. Kategorieë

2.1 Hoofkategorie 1 – Voorleeskategorie

2.1.1 Kategorie gr. RR - 1

2.1.2 Kategorie gr. RR - 1 – illustrasies

2.2 Hoofkategorie 2 – Selfleeskategorieë

2.2.1 Kategorie gr. 2 - 3

2.2.2 Kategorie gr. 2 - 3 – illustrasies

2.2.3 Kategorie gr. 4 - 5

2.2.4 Kategorie gr. 4 - 5 – illustrasies

2.2.5 Kategorie gr. 6 - 7

2.2.6 Kategorie gr. 8 - 9

3. Pryse

Die wenner ontvang R10 000 en 'n trofee. Die skrywer of illustreerder wen die prys in al die bogenoemde kategorieë.

4. Hoe om in te skryf

- 'n Uitgewer mag enige aantal boeke per kategorie inskryf, maar by reekse mag slegs een boek per reeks ingeskryf word.
- Elke boek wat ingeskryf word se inligting moet op 'n aparte inskrywingsvorm ingevul word.
- Die boeke wat ingeskryf word, kom outomaties in aanmerking vir die onderskeie illustrasie-kategorieë waar van toepassing.
- Vier eksemplare van elke boek moet per inskrywing ingestuur word.
- Geen vertaalde werke, herdrukke, heruitgawes, hervertellings of oortellings, gedigte of rympies, dramas, boeke wat hoofsaaklik vir die opvoedkundige mark gepubliseer is of gegradeerde leesreekse, kom in aanmerking nie. Slegs kinderboeke wat uit fiksie bestaan, wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is en wat tussen 1 Januarie en 31 Desember 2023 vir die eerste keer uitgegee is, mag ingeskryf word.
- Slegs boeke wat in die algemene handel beskikbaar is, mag ingeskryf word. Dus slegs boeke wat geredelik beskikbaar is in boekwinkelgroepe en onafhanklike boekwinkels.
- Uitgewers moet die boeke in samewerking met die skrywers in die volgende kategorieë plaas wanneer dit ingeskryf word: graad RR - 1, graad 2 - 3, graad 4 - 5, graad 6 - 7 of graad 8 - 9. Hierdie kategorieë moet asseblief noukeurig bepaal word en die korrekte inligting moet verskaf word.
- Die inskrywingsvorm moet voor of op die sluitingsdatum aan Jeanné Naudé na 086 646 0641 gefaks word of per e-pos aan jeannen@atkv.org.za gestuur word.
- Vier eksemplare van elke boek wat ingeskryf word, kan gestuur word aan: Jeanné Naudé
Organiseerder: ATKV-Kinderboektoekennings
Posadres: Posbus 4586, Randburg, 2125
Straataadres: Surreylaan 348, Ferndale, Randburg, 2194

5. Verloop van die kompetisie

- Sodra al die inskrywings ontvang is, word 'n lys met die boektitels beskikbaar gestel.
- Ons versoek u uitgewery ook vriendelik om die boeke wat ingeskryf word, teen 'n baie goeie korting/afslagprys beskikbaar te stel.
- Skole, biblioteke en kinders koop dan die boeke aan. Hierdie boeke word voorgelees/gelees vanaf Januarie tot Julie 2024. Die kinders stem dan vir hulle gunstelingboek in elke kategorie, sowel as hul gunstelingillustrasies (waar van toepassing).
- Die ATKV sal na afloop van die beoordeling met al die wenners in verbinding tree om verdere reëlings met hulle te tref.

6. Reëls van die kompetisie

- Daar is geen inskrywingsgeld nie.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2023 en 31 Desember 2023 gepubliseer is.
- Geen vertaalde werke, herdrukke, heruitgawes, hervertellings of oortellings, gedigte of rympies, dramas, boeke wat hoofsaaklik vir die opvoedkundige mark gepubliseer is of gegradeerde leesreekse, kom in aanmerking nie. Slegs kinderboeke wat uit fiksie bestaan, wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is, mag ingeskryf word.
- By reekse mag slegs een boek per reeks ingeskryf word.
- Slegs boeke wat in die algemene handel beskikbaar is, mag ingeskryf word. Dus slegs boeke wat geredelik beskikbaar is in boekwinkelgroepe en onafhanklike boekwinkels.
- Vorige wenners mag weer inskryf.
- **Uitgewers wat kinderboeke inskryf, moet asseblief die betrokke skrywer(s) en illustreerder(s) in kennis stel.**
- Kinders tree as beoordelaars op.
- Die ATKV behou die reg voor om, wanneer daar as gevolg van die reëls of praktyk van die kompetisie, onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan, 'n finale beslissing te maak.
- Die uitslag is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan, na gelang van die gehalte van inskrywings, pryse weerhou.
- Daar sal slegs een wenner in elke kategorie aangewys word.
- Die ATKV behou die reg voor om tydens die ATKV-woordveertjies beeld- sowel as audiomateriaal van die weninskrywings te gebruik.
- Geen materiaal van die inskrywings sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëlings (wat ook mediaskakeling insluit).
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie, indien omstandighede dit noodsaak, enige tyd op te skort of te beëindig.
- Besonderhede oor hierdie toekennings is beskikbaar by www.atkv.org.za.

Navrae: Jeanné Naudé

Tel.: 011 919 9088

E-posadres: jeannen@atkv.org.za

Sluitingsdatum: Vrydag 17 November 2023



INSKRYWINGSVORM: UITGEWERS

ATKV-KINDERBOEKTOEKENNINGS

NB: 'n Uitgewer mag enige aantal boeke per kategorie inskryf, maar by reekse mag slegs een boek per reeks ingeskryf word.

KATEGORIEË (Merk met 'n x)

Voorleeskategorie:

Graad RR - 1

Selfleeskategorieë:

Graad 2 - 3

Graad 4 - 5

Graad 6 - 7

Graad 8 - 9

TITEL VAN BOEK

SKRYWER

Naam en van

Kontaknommers (W) (Sel)

E-posadres

Posadres

ILLUSTREERDER (Slegs van toepassing by die kategorie graad RR - 1, graad 2 - 3 en graad 4 - 5)

Naam en van

Kontaknommers (W) (Sel)

E-posadres

Posadres

BESONDERHEDE VAN UITGEWER

Naam van uitgewer

Kontakpersoon - Kinderboeke

Kontaknommers (W) (Sel)

E-posadres

Posadres

Hiermee aanvaar _____, die uitgewer, die reëls en regulasies.

Handtekening _____

Datum _____

Stuur vier eksemplare van elke boek wat u inskryf aan:

Jeanné Naudé

Organiseerder: ATKV-Kinderboektoekennings

Posadres: Posbus 4586

Straatadres: Surreylaan 348

Randburg

Ferndale, Randburg

2125

2194

NB: Inskrywings moet bestaan uit werk wat tussen 1 Januarie 2023 en 31 Desember 2023 gepubliseer is. Elke boek wat ingeskryf word se inligting moet op 'n aparte inskrywingsvorm ingevul word. Die betrokke skrywer en/of illustreerder moet in kennis gestel word dat sy/haar boek ingeskryf word.